

5 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 44:10-27; Romeine 8:31-39

Fokusgedeelte: Romeine 8:37

Meer as oorwinnaars in Christus se krag

Lyding is universeel. Dit is die een groot gemene deler in die geskiedenis van die wêreld en die mensdom. Deur die media word die lyding van mense dwarsdeur die wêreld tot in ons huise gebring. Oorloë, natuurrampe en tragedies het nie net vir volke nie, maar ook vir enkelinge verskriklike lyding tot gevolg.

Elke gelowige worstel in sy lewe met die probleem van lyde. Ons is as mense so vreeslik wondbaar. Die ellende en pyn is nêrens ver nie. Ons vra almal een of ander tyd: Waarom, Here? Waarom juis ons gesin? Waarom juis ek? Leef hierdie vrae ook in jou hart? Luister na Paulus se antwoord: “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.” Dit is die liefde van God wat by die kruis geopenbaar is! Hierdie liefde van God omring sy kinders elke droewe dag en elke donker nag. In sy krag kan ons glansryke oorwinnaars wees! Letterlik staan hier: Ons *hiperoorwin*. Ons oorwinning is oormatig, uitermate – nie uit ons eie krag nie, maar deur Hom wat ons liefhet.

Die wêreld het ook hierdie kragkampioene, hierdie hiperoorwinnaars. In alle sportsoorte kry ons hulle. Hulle name en prestasies is op almal se lippe. In God se koninkryk tref ons hierdie kragkampioene aan in die eensame binnekamer, op die siekbed, in die sterfkamer. Met die spierkrag van die geloof pak hulle die stryd aan en weier hulle om die neerlaag te ly. Hulle word neergevel, maar staan weer op. Deur God se krag volhard hulle tot die einde toe.

Laat dit jou troos wees wanneer lyding oor jou kom. Al loop alles teë – ons is meer as oorwinnaars deur ons Here Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 10:5 Ds NG Laubscher (Buffeldoorns)